Bybel vir Kinders
bied aan



Die Hemel - God se pragtige huis

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Lazarus

Aangepas deur: Sarah S.

Vertaal deur: Taschja Hattingh

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2011 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Terwyl Jesus op die aarde was he thy Sy dissipels van die hemel vertel. Hy het dit "My Vader se Huis" genoem en ook dat daar baie

wonings.

'n Woning is 'n groot, pragtige huis. Die Hemel is grooter en baie mooier as enige huis op aarde.



Jesus se toe vir hulle: “Ek gaan om vir julle ‘n plek te berei, Ek sal weer terugkom om julle te kom haal.”

Jesus het hemel toe gegaan
na Sy dood en opstanding.

Terwyl Jesus se dissipels by Hom was het 'n wolk Hom toegevou en weggeneem na die hemel.

Tot vandag toe onthou Christene dat Jesus belowe he tom terug te kom en ons te kom haal. Hy het gese dat hy skielik sal kom, wanneer ons dit die minste verwag.

Maar wat van die Christene voor Jesus se opstanding? Die Bybel se hulle is reguit hemel toe om by Jesus te wees. Wanneer ons nie meer lewe in ons liggaam



nie, is ons Gees lewend by God.

Openbaring, die heel laaste boek in die Bybel, vertel ons hoe wonderlik die hemel is. Dis so wonderlik om te dink dat die Hemel, God se huis is! God is oral, maar sy troon is in die Hemel.



Engele en ander hemel wesens prys God in die Hemel. Almal wat reeds gesterf het en in die hemel is, prys Hom ook elke dag.

Hulle sing spesiale liedjies van lofsang tot eer van God. Hier is die woorde van een van die liedjies wat hulle sing:

U is waardig om die Boek te neem,
en sy seels oop te
maak, want U het ons
met U bloed gekoop,
uit elke
stam,
nasie,
volk en
taal.

U het ons tot konings
en priesters vereer
vir ons God.

Die heel laaste bladsy van die Bybel beskryf vir ons die Hemel as die "Nuwe Jerusalem". Dit is baie, baie groot met 'n hoe muur reg rondom die stad.



Die muur is van Jasper steen,
dit blink soos kristal.



Juwele en edelgesteentes is die fondasie van die muur, dit blink met die mooiste kleure! Elkeen van die stadspoorte



is gemaak van 'n reuse perel!

Die stadspoorte is nooit gesluit nie. Kom ons gaan in en kyk 'n bietjie rond… WOW!

Die hemel is selfs nog mooier aan die binnekant. Die stad is gemaak van suiwer goud, dit blink soos glas.



Selfs die strate is van goud gemaak!

'n Pragtige, helder skoon rivier van lewende water floei vanaf God se troon. Aan albei kante van die rivier is die boom van die lewe, dieselfde boom wat in die Tuin van Eden was.



Hierdie boom is baie spesiaal.
Dit dra twaalf verskillende soorte
vrugte, 'n ander sort elke maand.
Hierdie boom is vir die genesing
van die nasies.



Die hemel het nie die son nodig vir lig nie. God se glorie vul die hemel met sy wonderlike lig. Daar is ook nie dag of nag nie.



Selfs die diere in die hemel is anders. Hulle is almal mak en vriendelik. Wolwe en skape wei saam op die gras.



Selfs die magtige koning leeu eet strooi soos die beeste. Die Here se: "Hulle sal niemand seermaak of vernietig in My heilige berg nie."



Wanneer ons rondkyk sien ons daar is dinge weg uit die hemel.
Niemand word kwaad nie.



Niemand baklei of is selfsugtig nie.

Daar is nie slotte aan die deure nie, want daar is nie diewe in die hemel nie.



Daar is ook nie leunaars, moordenaar, towenaars of skelms nie. Daar is geen sonde van enige aard in die hemel nie.

In die hemel saam met God is daar geen trane meer nie. Soms, in ons aardse lewe huil ons oor dinge wat ons seer maak in die lewe. In die hemel sal God al ons trane af vee.

Niemand gaan dood in die hemel nie. God se kinders sal vir ewig saam met Hom daar wees. Daar is geen smarte of trane of pyn in die hemel nie.



Geen siektes, of skeiding, of begrafnisse nie. Almal is gelukkig in die hemel vir ewig saam met God.



Hier is die beste storie ooit!
Die hemel is vir seuns en dogters (groot mense ook) wat Jesus Christus aangeneem het en gehoorsaam was aan Hom en hom as hulle Here uit geleef het.



In die hemel is daar 'n boek en dit word genoem die Boek van die Lam. Dit is vol van mense se name. Weet jy wie se name is daarin geskryf?



Al die mense wat hulle vertroue in die Here geplaas het. Is jou naam daarin geskryf?



Die laaste woorde oor die hemel is 'n wonderlike uitnodiging.

"Die Gees van die bruid se 'Kom!' En aan die wat hoor laat hom se 'Kom' Aan die wat dors het kom.

Aan almal wat dors het, laat hom drink van die water van die ewige lewe."

Die Hemel – God se pragtige huis

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Johannes 14, II Korintheers 5,
Openbaring 4, 12, 22

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is,
se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag!
Johannes 3:16